Noble Private Portfolios
Independent Asset Managers

**Maart 2019**

## Wêreldekonomie

Federale Reserwe-beamptes het hul geprojekteerde rentekoersverhogings vanjaar na geen verhoging aangepas en gesê hulle sal in September die onttrekking van die sentrale bank se effektebesit beëindig nadat beleid bestendig gehou is. Die S&P500-indeks het die kwartaal met 13% verbeter en binne net 5% gekom van die absolute hoogtepunte wat voor die September ineenstorting bereik is. Beleggers maak staat op ’n verlangsaming in VSA-rentekoerse en ’n volwasse oplossing vir die dreigende handelsoorlog tussen die VSA en China. Die Chinese Koopbestuursindeks het in Maart die hoogste in ses maande tot 50,5 gestyg, vroeër as ekonome se voorspellings. Die herstel sal vrese dat China se ekonomie stoom verloor verminder, nadat die land ’n 6,4%-groeisyfer vir die laaste drie maande van 2018 aangeteken het – die stadigste groei in ’n dekade. Eerste Minister Theresa May het gesê sy sal die EU vir verdere uitstel vra vir Brexit, later as 12 April, sodat sy met die Arbeidsparty (die opposisie) kan vergader in ’n poging om die dooiepunt oor Brittanje se onttrekking op te los.

## SA Ekonomie

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het die terugkoopkoers onveranderd op 6,75% gelaat, aangesien die Monetêre Beleidskomitee aangedui het dat daar min bewys van vraagkantdruk op die ekonomie is. Die JSE se indeks van alle aandele het 7% hoër vir die kwartaal geëindig. Moody's het ’n kredietmening oor SA vrygestel waarin hy sê dat SA se ekonomiese en fiskale prestasie in ooreenstemming was met ander lande wat ’n Baa3-gradering het: die laagste beleggingsgradering. Petrol styg met R1,34 per liter in April. Die algemene brandstofheffing styg met 5c/l en die Padongelukkefondsheffing met 15c/l. Suid-Afrikaners sal ook 9,41% meer vir elektrisiteit aan die einde van April betaal, soos deur Nersa aangekondig is. Volgens ’n opname het die seisoenaal aangepaste Absa Koopbestuurdersindeks in Maart vir ’n derde opeenvolgende maand gedaal. SA se handelsbalans het in Februarie tot R4 miljard verbeter, na ’n aansienlike tekort van R13 miljard in Januarie 2019. In Maart het uitvoere van voertuie met R8,5 milljard gestyg, terwyl invoere van masjinerie met R4,2 miljard afgeneem het. In die eerste kwartaal van 2019 was die nuwemotormark 8,7% laer in vergelyking met 2018. In Maart het nuwevoertuiguitvoere in SA met 23,7% gestyg teenoor die ooreenstemmende maand in 2018.

## Tendense en geleenthede

- Groei vir die VSA se konsensus-BBP word vir 2019 tans op 2,4% geraam.
- SA se oorkoepelende inflasie sal na verwagting gemiddeld 4,8% in 2019 bereik, voordat dit tot 5,3% in 2020 sal styg en tot 4,7% in 2021 sal daal.
- SARB het sy groeivoorspelling vir 2019 afwaarts hersien tot 1,3% vanaf 1,7%.

*“The intelligent investor is a realist who sells to optimists and buys from pessimists.” ...* - **Benjamin Graham,** Author of **The Intelligent Investor.**

**RvD de Kock** **PJ de Jongh**

NOBLE PRIVATE PORTFOLIOS (PTY) LTD
Reg No: 1996/006915/07

Suite 2 | 77 Park Drive | Northcliff | 2195
Tel: +27 (0) 11 476 8548 | Fax: +27 (0) 11 476 8375 | Website: www.noblepp.co.za

Directors: P J de Jongh, P A van Zyl, H W du Preez

*Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is an authorised FSP in terms of the FAIS Act, 2002 (568)*
*Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is a member of StoneHouse Capital*

STONEHOUSE CAPITAL
Partnering the Exceptional